The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.

Publication
LANDBOUWEEKBLAD

Page	Date	AVE (ZAR)
102	Fri 09 Nov 2018	10080.28

DAGBOEK



STRATE TOE

Dis somertyd en die Stellenbossers kuier dan in die Eikestad se strate. Stellenbosch Wynroetes bied minstens een keer per maand, op 'n Woensdagaand, sy jolige straat-soirées in die historiese Drostdystraat aan. Kom proe die Boland se bestes, geniet straatkos en luister na plaaslike musikante.
Datum: 28 November tot 2 Maart, 18:00-20:00
Toegang: R100

INLIGTING: **www.wineroute.co.za**

PROE, PROE

Oos-Kapenaars kan eersdaags aan meer as 200 spogwyne – van vonkelwyn tot robuuste rooies – tydens die Oos-Kaapse wynskou by die Tsitsikamma-konferensiekamer by The Boardwalk in Port Elizabeth teug. Wees ook op die uitkyk vir handgemaakte fudge en broslekkers of 'n biltonghappie – die ideale wynpasmaat.
Datum: 30 November en 2 Desember, 17:00-20:00
Toegang: R190

INLIGTING: **www.easterncapewineshow.co.za**

PIEKNIEK-MUSIEK

Spoegwolf gaan jou voete laat jeuk tydens Overhex Winery & Bistro se jaarlikse somerpiekniek. Dié groep het onlangs met die Mensa-wynreeks kragte saamgesnoer vir 'n *augmented reality*-ervaring soos min. Jou kaartjie sluit 'n heerlike piekniekmandjie in.
Datum: 26 Januarie, 18:00
Toegang: R250

INLIGTING: **functions@overhex.com**